**5.2.005 Kerkplein** [Erf nommer 366 ongeveer 1872]

Die Poskantoor




Die Diamantveld poswa voor die poskantoor in Pretoria ongeveer 1872
[Pr 74, p. 38]

Hier is die oudste foto van die gebou wat later ‘n hotel sou word. Hier staan ‘n poskoets voor die gebou, so ons kan aanneem dat dit as poskantoor gebruik was toe die foto geneem is. Die Poskantoor is in Oktober 1874 verskuif vanaf hierdie gebou na die Austen-gebou op die noord-westelike hoek van Kerkplein. Dit is erf nommer 322 waar die huidige poskantoor vandag nog is.

Hierdie gebou het op ‘n gedeelte van erf 366 gestaan. Deur wie dit gebou is is nie seker nie, maar dit het later bekend gestaan as die gebou van Von dem Hove [soms gespel Van der Hove]. Die erf het oorspronklik behoort aan M.W. Pretorius, en hy het dit in 1861 aan Stephanus Schoeman verkoop. Stephanus Schoeman vekoop die suidelike deel aan H.J. Schoeman in 1865, die noordelike deel aan R.C. Green in 1873, en die middelste deel aan T.H. van der Hove in 1878.

Van die kamers in die gebou is in 1874, nadat die poskantoor geskuif het, deur die regering gehuur teen £12 10/- per maand en is o.a. gebruik as kantore vir die Weesheer, Tesourier-Generaal, Staatsprokureur en Posmeester-Generaal. Dit kon gerieflik en baie veilig ingerig word, “heeft eene goede situasie (aan het Marktplein) en is hoog, luchtig en gezond” [Rex-03, p. 205].

Dit het nie altyd so goed gegaan in die gebou nie. Na ‘n groot reënstorm word gekla dat dit baie vervalle is en dat van die weesheer se papiere in die storm nat geword het.

Nadat die regeringskantore verskuif het is die gebou verander en as ‘n hotel gebruik. Dit het eers bekend gestaan as die Edinburg Hotel. Later word dit die Pretoria Hotel van Herrinton & Tossel, en in 1889 verander die naam na die South African Hotel. C. Reck was nou die eienaar [Dun-01, p. 22].

Rosa Swanepoel


Bronne

Dun-01 Dunston, L. 1975. **Young Pretoria 1889-1913.** Pretoria: Lola Dunston.

Pr-74 Emms, M. 1974. **The Post Office in Pretoria.** Pretoriana, Nommer 74 & 75, Maart-Junie. [foto p. 37]

Rex-03 Rex, H.M. 1956. **Geskiedenis van die eerste ou goewermentsgebou en sy voorlopers in Pretoria**. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Rosa Swanepoel Versameling [Foto Kp2-015]